



# Lekkerbekkie Nuusbrief

15 OKTOBER 2013 | UITGAWE 30

**Inhoud:**

- \* Gratis kinder storie: Woefels
- \* Gratis inkleurprentjie
- \* Nuus uit die kantoor:

Die nuwe Lekkerbekkie Storieboek is hier!

Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Woefels deur Anna Emm

Woefels die hond is sommer baie honger. Hy kan amper nie wag dat die dogtertjie Annelie sy kos in sy bak skep nie! Hy begin sommer dadelik eet.

Annelie lag: "Siestog, was jy baie honger, Woefels?" Sy streel oor sy kop, en draf dan weg om in die tuin te gaan speel.

Toe Woefels klaar geëet het, lek hy sy bak uit tot dit blink. Net toe kom daar 'n vlieg om die bak draai. "Skoert, vlieg!" grom Woefels, maar die vlieg kom sit mooi op die rantjie van die bak.

Woefels blaf vir die vlieg en hap na hom, maar die vlieg wip van die bak se rant af en vlieg oor die stoep. Woefels jaag die vlieg oor die stoep en blaf kwaai! Hy stamp amper vir Bella, die bediende, onderstebo. "Pasop, Woefels!" raas Bella.

Maar die vlieg draai om Woefels se kop en vlieg dan om die hoek by die trappies af. Woefels blaf weer kwaai en jaag die vlieg om die hoek. Hy jaag so vinnig by die trappies af dat hy amper vir Meneer Smit, Annelie se pappa, omstamp! Hy het nou net van die werk af gekom. "Pasop, Woefels!" raas Meneer Smit kwaai.

Maar die vlieg wikkel sy vlerkies hier voor Woefels se neus en vlieg dan vinnig oor die gras na die tuin toe. Woefels blaf weer en hardloop agter die vlieg aan. Hy hardloop onderdeur die wasgoeddraad waar Mevrou Smit, Annelie se mamma, nou net die skoon wasgoed opgehang het. Die wasgoed val amper op die grond! "Pasop, Woefels!" raas Mevrou Smit.

Maar Woefels pasop nie. Hy wil daardie lastige vlieg vang. Hy hardloop oor die gras tot onder die bome. Annelie sit en speel onder die bome. Sy sien nie dat daar 'n slang deur 'n gat in die heining geseil het nie. Die slang is gevaarlik!

Net toe kom Woefels daar aangehardloop agter die vlieg aan. Hy grom en blaf en stamp teen Annelie. Die slang skrik en seil vinnig weg. Nou sien Annelie ook die slang! "Pappa!" roep sy hard, en Meneer Smit kom haastig nader. Woefels het vergeet van die vlieg. Hy jaag nou die slang weg. Die slang seil weer deur die gat in die heining, en Meneer Smit maak die gat toe. Nou kan die slang nie weer in die tuin kom nie.

"Woefels het die slang weggejaag!" roep Annelie bly, en sy gee vir Woefels 'n stywe drukkie. Woefels waai sy stert, maar dan sien hy weer die vlieg. Hy hap na die vlieg en stamp amper vir Annelie om!

"Pasop, Woefels!" lag Annelie. Maar almal is nou eintlik baie bly dat Woefels so rof is.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

**Woefels** illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Nuus uit die kantoor:**

## Die tweede Lekkerbekkie Storieboek is hier!

Kry hierdie heerlike A4 boek met 15 stories en inkleurprente hierdie week vir slegs R50 (gewone prys R60)

**Die tweede uitgawe van ons gewilde "Lekkerbekkie Storieboek" is nou beskikbaar!**

**A4 boek met 15 stories en 15 inkleurprente uit ons weeklikse nuusbriewe.**

**Spesiale prys:**  
Kry jou Lekkerbekkie Storieboek 2 vóór 21 Oktober @ slegs R50 (gewone prys R60)

### Hoe om te bestel:

Betaal die regte bedrag + R25 posgeld na ons rekening:

Anna Emm Productions, FNB tjk, 6226 465 9768, N1 City tak – met jou naam as verwysing.

Stuur dan jou posadres en bestelling na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

Ons stuur vir jou die "tracking nr" vir jou pakkie sodra dit gepos is.

### Anna Emm Productions

021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)